UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Nuwe generasie eerstejaarstudente word verwelkom

Die Universiteit van Pretoria se jaarlikse Verwelkomingsdag het op 16 Januarie 2010 plaasgevind. Hierdie geleentheid het eerstejaarstudente en hul ouers kans gegee om personeel en medestudente te ontmoet. Dit het ook aan die nuwe Visekanselier en Rektor, prof Cheryl de la Rey, geleentheid gegee om die nuwe generasie studente en hul ouers by die Universiteit van Pretoria te verwelkom.

Op die Hatfieldkampus kon studente en hul ouers 'n kampustoer onderneem om die studente van hierdie kampus se tuiste vir die duur van hul studies te verken. Koshuisstudente is by hul onderskeie koshuise verwelkom, terwyl uitstallings inligting verskaf het oor verskeie sake wat belangrik is vir eerstejaarstudente. Verteenwoordigers van die verskillende kerke wat die studentegemeenskap bedien was voor die Aula beskikbaar om vrae te beantwoord. Banke, boekwinkels, apteke en gimnasiums in Hatfield en die onmiddellike omgewing het ook uitstallings gehad. Die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR), TuksJool, *Perdeby*, Tuks FM, Studentekultuur en die verskillende fakulteits- en daghuise het uitstallings in die piazza by die Studentesentrum gehou om studente van hulle aktiwiteite bewus te maak. Soortgelyke geleenthede is op die Universiteit se ander kampusse in Groenkloof (Opvoedkunde), Onderstepoort (Veeartsenykunde), Prinshof (Gesondheidswetenskappe) en Mamelodi gehou.

Alumni-boomplanttradisie

Die tradisie wat begin met die registrasie van 'n eerstejaarstudent vir 'n voorgraadse program hou nie by die gradeplegtigheid op nie, maar duur voort soos hierdie gegradueerdes trotse, lojale en aktiewe alumni van die Universiteit van Pretoria word. Hierdie tradisie word gesimboliseer deur die jaarlikse boomplantseremonie van TuksAlumni, waartydens 'n eerstejaarstudent in BCom (Rekeningkunde) en inwoner van Magrietjie, me Nkamogeleng Mahlaela (wat die klas van 2010 verteenwoordig), 'n wildekatjiepiering (*Rothmannia capensis*), 2010 se boom van die jaar, geplant het. Nog twee bome is onderskeidelik deur prof Cheryl de la Rey en mnr Rikus Immink, voorsitter van die TuksAlumni-raad, geplant.

Hierdie jaar is die tiende herdenking van hierdie tradisie, wat in 2001 begin het. Bome wat sedert 2001 in die omgewing van die Dramagebou geplant is, is 'n riviervaderlandswilg, kasuur, bostaaibos, bergsering, kremetart, wildegranaat, gewone taaibos, swartbas en notsung. Vorige studente wat as nuweling-eerstejaarstudente aan dié seremonie deelgeneem het, is wyle Rizqa Carriem (2001), Christa-Louié van Heerden (2002), Ingeborg Steinmann (2003), Tshepo Moila (2004), Dewald de Beer (2005), Atli Phatudi (2006), Jaco Jordaan

(2007), Molatelo Thebe (2008) en Tarryn Thomas (2009).

Me Nkamogeleng Mahlaela het 'n wildekatjiepiering op 16 Januarie 2010 geplant.

Tienjaar-herdenking: Die rektor (middel) en ander UP-personeel staan hier saam met sommige van die alumni wat die afgelope 10 jaar deelgeneem het aan die boomplantseremonie.